DebtCounsellorsSA.com
Your Right to Financial Freedom

NCR Registered Debt Counsellors
ALL CORRESPONDENCE TO BE E-MAILED OR FAXED
E-MAIL : info@debtcounsellorssa.com
FAX : 08666 31 831
OFFICE : 087 808 6176 / 7
WEBSITE : www.debtcounsellorssa.com

F16 AANSOEKVORM - ***Ons sal nie 'n aansoekfooi vra, en jou aansoek GRATIS evalueer.***

Voltooi ALLE gedeeltes volledig, en voorsien alle dokumentasie, so gou moontlik.

AANSOEK DEUR VERBRUIKER VIR SKULDHERSIENING

In terme van Artikel 86 van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005

E-pos of faks die volgende dokumentasie saam met jou aansoek. Tiek af wat jy nou saamstuur, dat ons weet wat is uitstaande.	
	In **Deel 4** van die Aansoek, lys ALLE krediteure en sluit ****** EEN (**nét EEN** –asb, ons gebruik nie meer nie) rekeningstaat vir elke krediteur in. Sien onder rakende state. • **DEEL 4 moet volledig wees, om jou krediteure van jou aansoek in kennis te kan stel.** • **MOENIE OPBETAALDE REKENINGE INSLUIT NIE**.
	Indien **oorhandig** is aan 'n prokureur/ invorderaar, lys die prokureur/invorderaar, onder die oorspronklike krediteur in **DEEL 4**. Voorsien **krediteur se rekeningnommer en prokureur se verwysingsnommer**. Ons sal die prokureur probeer uitsny om regskostes te spaar. **HAKKIE DIE REKENINGE SAAM**, dat ons weet dit behoort saam.
	** Sluit afskrifte van **ID dokumente** van jouself en mede-aansoeker in.
	** **Huweliksertifikaat,** as getroud. As **BUITE** gvg getroud, sluit voorstel bladsy van **huwelikskontrak** in.
	****** Sluit die mees onlangse **drie (3) salarisstrokies** van jou en jou mede-aansoeker in.
	****** Indien **gereeld oortyd** werk, of vir **kommissie**, sluit **ses (6)** maande salarisstrokies in, en werk op 'n gemiddelde inkomste vir 6 maande. Jy moet die maandelikse paaiement kan bekostig.
	****** Laaste **3 maande** se **bankstate** van jou en jou gade/ mede-aansoeker. Internetbankstate voldoende.
	****** Indien **beslaglegging (garnish) op salaris,** kry bevel van salarisafdeling (HR) en sluit in.
	Enige kontrak na **1 Junie 2007**, waar moontlike **roekelose krediet** toegestaan is, omdat jy reeds skuldprobleme gehad het, die rentekoerse of kostes te hoog was, of geen vooraf kwotasie voorsien is nie – dui dit aan in Deel 4. Ook rekeninge wat vir minstens **3 jaar nie betaal is**, het moontlik **verjaar**. Dui aan watter rekeninge dit is.
	**** Kredietburo-verslag.** Ons kan 'n Compuscan kredietburoverslag aanvra, teen **R20 (enkel)/R40 (gesamentlik).** Daar mag rekeninge wees wat nie op die kredietburo-verslag reflekteer, of mag reflekteer as afgeskryf. Jy moet steeds alle rekeninge verklaar, dat skuld wat betaal moet word nie uitgelaat word nie. Jy kan maklik jou eie, **GRATIS verslag** trek, deur na www.debtcounsellorssa.com te gaan, en dit saam met jou aansoek aan ons voorsien. As jy jou eie verslag voorsien, betaal jy nie vir 'n kredietverslag nie.
	** Depositostrokie vir **kredietverslag** – maar probeer eers self voorsien. **Bankbesonderhede** op inligtingbladsy onder.

Indien jy nie al die dokumente, gemerk ** , onmiddellik beskikbaar het nie, maar jou aansoek is volledig voltooi, en Deel 4 het die inligting wat noodsaaklik is, kan jy die aansoek solank deurstuur, en die uitstaande dokumente, sodra jy dit bymekaar het, voorsien. Sodra ons jou aansoek ontvang het, en jou krediteure in kennis gestel het jy het aansoek gedoen, word jy deur die Kredietwet beskerm, en die krediteure mag nie verder regstappe neem nie. Ons sal jou ook van 'n Bevestigingsbrief en meer inligting voorsien.

- **Dit is nie nodig om kontakbesonderhede van banke/ bekende krediteure te voorsien nie. Ons werk met hulle Skuldberadingsentrums, waarvan ons die inligting het.**
- **Indien daar 'n mikrolener, dokter, prokureur, invorderaar, of ander, nie-algemene krediteure is nie, voorsien e-posadres en telefoonnommer in Deel 4.**
- **Alle debietorders moet gestop/ gekanselleer word. Ons sal meer inligting hieroor voorsien.**
- **Indien jy geld in enige rekening wat onder skuldberading gaan wil onttrek, doen dit onmiddellik, voordat ons jou krediteure in kennis stel. Jy sal dit nie daarna kan onttrek nie, aangesien jou rekeninge nou afbetaal gaan word.**

Faks jou volledige aansoek na 08666 31 831 of e-pos na info@debtcounsellorssa.com

Skakel of e-pos ons hierna, om seker te maak ons het jou aansoek ontvang

LEES EERS DIE INSTRUKSIES BO-AAN ELKE DEEL, OM SEKER TE MAAK JY VOORSIEN DIE KORREKTE INLIGTING

DEEL 1 : PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Van	Volle voorname
Nooiensvan	Noemnaam
ID nommer	Trust registrasieno

Manlik	Vroulik	Blank	Swart	Kleurling	Asiër

ENKEL	GESKEI	WEDUWEE/ WEWENAAR	SAAMBLY VERHOUDING	GETROUD BINNE GVG	GETROUD **BUITE** GVG **Sonder aanwasbedeling**	GETROUD **BUITE** GVG **Met aanwasbedeling**

Fisiese adres	
	Dorp/ Stad
Provinsie	Poskode
Posadres **Indien verskil van bo**	
	Poskode
Hoe lank by adres / Huurder	Eienaar
Tel Huis	Selfoon
Faks	E-posadres

WERKBESONDERHEDE

Werkgewer	Beroep
Adres	
	Poskode
Telefoon / Faks	Aanstellingsdatum
Maandelikse betaaldag / Desember betaaldag	Jaarlikse verhogingsdatum
Bonusdatum(s)	

AFHANKLIKES

Volle name	**Geboortedatum / ID**	**Oud**	**Woon by wie? Bv by jou/ ma**	**Voorskoolse-/ skoolgaande kind?**	**Verwantskap – bv Seun/ dogter**
1.					
2.					
3.					
4.					

As afhanklikes NIE 'n voorskoolse- of skoolgaande kind is nie, verduidelik waarom jy verantwoordelik is:

Merk: Hierdie aansoek is 'n:		Enkel aansoek		Gesamentlike aansoek
Ek is deel van 'n:		1- inkomste huishouding*		2-inkomste huishouding*

*** Al doen NET JY aansoek – dui aan of jou eggenoot/ lewensmaat (2-inkomste huishouding) ook 'n inkomste verdien.**

EGGENOOT / MEDE AANSOEKER

- **BINNE GEMEENSKAP VAN GOEDERE GETROUD - <u>MOET BEIDE</u> EGGENOTE AANSOEK DOEN.**
- **Indien <u>BUITE GEMEENSKAP VAN GOEDERE GETROUD/ SAAMWOON EN BEIDE DOEN AANSOEK VOLTOOI</u> HIERDIE BLADSY.**
- ***As <u>BUITE</u> gemeenskap van goedere getroud/ <u>SAAMWOON</u> kan een of beide persone aansoek doen.***

As <u>BUITE</u> GEMEENSKAP VAN GOEDERE GETROUD/ <u>SAAMWOON</u> EN <u>SLEGS EEN (1) PARTY AANSOEK DOEN</u>, <u>MOENIE</u> DIE <u>PERSOONLIKE BESONDERHEDE</u> VAN DIE <u>PERSOON WAT NIE</u> AANSOEK DOEN OP HIERDIE BLADSY INVUL NIE – ANDERS SAL DIE PERSOON OOK ONDER SKULDBERADING GEPLAAS WORD.

Van	Volle voorname
Nooiensvan	Noemnaam
ID nommer	Trust registrasieno

Manlik	Vroulik	Blank	Swart	Kleurling	Asiër

ENKEL	GESKEI	WEDUWEE/ WEWENAAR	SAAMBLY VERHOUDING	GETROUD BINNE GVG	GETROUD **BUITE** GVG **<u>Sonder</u> aanwasbedeling**	GETROUD **BUITE** GVG **<u>Met</u> aanwasbedeling**

Fisiese adres **Indien verskil van Aansoeker 1**	
	Dorp/ Stad
Provinsie	Poskode
Posadres **Indien verskil van bo**	
	Poskode
Hoe lank by adres / Huurder	Eienaar
Tel Huis	Selfoon
Faks	E-posadres
Indien apart woon van eggenoot, verduidelik:	

WERKBESONDERHEDE

Werkgewer	Beroep	
Adres		
	Poskode	
Telefoon	Faks	Aanstellingsdatum
Maandelikse betaaldag	Desember betaaldag	Jaarlikse verhogingsdatum:
Bonusdatum(s):		
As eggenoot /lewensmaat werkloos is, gee rede/ hoe lank werkloos / vorige beroep /moontlike nuwe werk, ens		

- **Jy <u>MOET</u> hierdie deel voltooi, <u>AL VOORSIEN JY SALARISSTROKIES</u>.**
- **As afkortings gebruik word vir inkomste of salarisaftrekkings (gewoonlik staatsdiens) – gee asb verduideliking – bv ABC = Behuising.**

DEEL 2 - MAANDELIKSE INKOMSTE

	SELF	EGGENOOT/ SAAMBLY	OPMERKINGS
Basiese Salaris ***<u>Voor aftrekkings,</u>*** ***maar <u>sonder voordele</u> onder***			***Ook salaris wat jy trek uit <u>eie besigheid</u>***
Aandele - | Beleggings- | Dividende Inkomste ***Dui aan watter jy ontvang***			**Van:** **Waarde:**
Addisionele firma inkomste			**Spesifiseer:**
Behuisingsubsidie			
Bydrae van enige persoon ***Bv ouers/ eggenoot***			**Van wie**
Huurinkomste ***Gee adres(se)***			**Adres(se):**
*Kommissie (gereeld) ***Werk op 6 maande gemiddeld***			
Mediese fonds toelaag			
Onderhoud / Toelaag ***Vir kinders/ self***			**Spesifiseer van wie/ vir wie:**
*Oortyd (gereeld) ***Werk op 6 maande gemiddeld***			
Pensioen – Enige ***Spesifiseer***			
Petroltoelaag			
Rente uit enige bron			**Van:** **Waarde:**
Selfoontoelaag			
Voertuigsubsidie/toelaag			
Winsdeling			**Spesifiseer:**
Ander ***Spesifiseer***			
TOTAAL			

Moenie die volgende bytel, as dit nie gereelde inkomste is nie:

****Bonus – Jaarliks**		**Datum(s)**
****Bonus - Maandeliks**		
****Bonus – Aansporing/ Prestasie/ Ander** ***Spesifiseer***		**Datum(s)**
****Ongereelde Oortyd**		**Hoe gereeld word oortyd gewerk?**
****Ongereelde Kommissie**		**Hoe gereeld is kommissie?**
****Ander ongereelde inkomste (bv verkoop Tupper)**		**Waarvoor en hoe gereeld?**

****As gereelde kommissie of oortyd, werk op 6 maande gemiddeld. Ons moet 'n <u>minimum</u> bedrag hê om mee te werk***
**** As jy 'n vaste salaris verdien, <u>plus kommissie</u>, dui aan hoe gereeld die kommissie is.***
***** Bonus en ongereelde oortyd/ kommissie vorm nie deel van die aanbod nie, maar MOET VERKLAAR WORD.***

KANSELLEER <u>SKULDAFTREKKINGS VAN SALARIS</u>, OOK <u>HUISVERBAND</u>, DUI BY PUNT 4 AAN

DEEL 3 – MAANDELIKSE UITGAWES

3.1 SALARISAFTREKKINGS <u>MOET</u> voltooi, al stuur jy salarisstrokies

Moenie enige aftrekkings uitlaat nie – al is dit 0.50c.

Verduidelik afkortings, bv ABCD = Pensioenfonds of Medies, ens - veral Staatsdiens-werknemers

AFTREKKING	SELF	EGGENOOT/ SAAMBLY	OPMERKINGS
Administrasiebevel ***Voorsien bevel***			**Administrateur: Tel:** **E-pos:**
Aftree-anuiteit/ Uitkeerpolis			
Begrafnispolis(se)			
Belasting PAYE			
Belasting SITE			
Firmalenings ***E-posadres salariskantoor***			**Uitstaande R** **Datum klaar betaal:**
Beslagleggingsbevel **(Garnishee)** ***Stuur bevel – kry by salariskantoor***			**Prokureur: Tel:** **E-pos:**
Groeplewensversekering			
Mediese fonds			
Pensioen / Voorsorgfonds			
Polis(se)			
Spaarplan			**Instansie:** **Bedrag beskikbaar:**
Teeklub			
UIF			
Unie			
Versekering			**Tipe:**
Ander ***Spesifiseer***			
TOTAAL			

3.2 - MAANDELIKSE LEWENSUITGAWES (BEGROTING)

- **MOENIE salarisaftrekkings weer hier lys nie – OF salarisaftrekkings by jou salarisaftrekkings lys nie.**
- **Indien jy BINNE GVG getroud is/ SAAMWOON, in 'n TWEE- INKOMSTE HUISHOUDING, maar NET JY doen aansoek, kan jy nie al die uitgawes net op jou neem nie. Dui dus SLEGS aan, waarvoor JY VERANTWOORDELIK is om te betaal.**
  Krediteure wil sien dat jy jou UITGAWES VERMINDER. Geen luukshede nie, behalwe as jy kan motiveer waarom dit nodig is. GEEN DSTV.
- **Agterstallige DIENSKONTRAKTE, soos munisipale rekeninge, levies, skoolgeld, ens: Dui maandeliks onder aan. As agterstallig en jy het reeds 'n reëling in plek - dui by Opmerkings die agterstallige bedrag aan, en die reëling wat jy het. Voorsien die skriftelike ooreenkoms aan ons.**

MOENIE SKULD (REKENINGE) HIER LYS NIE • **Lys alle rekeninge, opdatum of agterstallig, in Deel 4 – Bl 9.1/ 9.2**	**R per maand**	**OPMERKINGS** **Hoe meer inligting jy voorsien, hoe makliker maak jy dit, om jou aansoek korrek te doen.**
Annuiteit/ Pensioen		
Bankkostes *Nou slegs **SPAAR**rekening*		
Begrafnispolis		
Beheerliggaam heffings (levies)		**Agterstallig /Reëling** **R /R**
Belasting (Tax) *As nie van salaris afgetrek word - en spesifiseer waarvoor (bv op huurinkomste/ rente, ens)*		
Crèche | **Dagsorg** | **Na-skool toesig**		**Hoeveel kinders**
***Elektrisiteit** | **Gas** | **Water** | **Riool**		**Agterstallig /Reëling** **R /R**
*** Erfbelasting**		**Agterstallig /Reëling** **R /R**
*** Gym** *Agterstallig in Deel 4*		**Kontrak verval**
Huishulp *As na kinders omsien, anders gesien as 'n luukse*		**Motiveer**
Huur		**Hoeveel persone**
***INTERNET** | **Voorafbetaal** | **Tipe kontrak:**		**Kontrak verval**
Klere *NIE klererekeninge nie. Rekeninge Deel 4*		
Kredietversekering *NET as nie deel van paaiemente*		
Kruideniers / Huishoudelike uitgawes		**Volwassenes** **Kinders**
Lewensversekering / Polis(se) *As nie van salaris afgetrek –*		
Losies		**Hoeveel persone**
Mediese fonds *As nie reeds van salaris afgetrek*		
Mediese uitgawes *Nie deel van mediese fonds - chronies*		**Chroniese toestand?**

UITGAWES	**R per month**	**OPMERKINGS**
Onderhoud/ Toelae – Afhanklike ***Spesifiseer aan wie***		**Aan wie** **Waarvoor**
Onderhoud – Ander ***Spesifiseer***		**Waarvoor**
Petrol / Diesel ***Motiveer as hoog***		
Sakgeld vir kinders – ***Realisties en ouderdom inaggenome***		
***Sekuriteit**		
***SELFOON** **Voorafbetaal** **Kontrak- Tipe**		**Verval:**
***** **Skoolgeld –** ***Agterstallig Deel 4. Maandeliks hier***		**Agterstallig** **/Reëling** **R** **/R**
Studiepolis		**Hoe oud is polis?**
Telefoon landlyn / ADSL		**Motiveer**
Versekering - Gebou/Inhoud ***Indien nie deel van paaiement***		
Versekering – Voertuig ***Indien nie deel van paaiement nie***		
Vervoer – Vir wie		**Tipe** **bv bus**
Waarborge / Verlengde waarborge ***As nie deel van paaiement***		**Vir**
Ander – ***REKENINGE DEEL 4 –*** ***NIE HIER***		**Ander uitgawes – motiveer, waar nodig**
TOTAAL		

Indien meer uitgawes, dui dit op 'n aparte bladsy aan, en motiveer deeglik.

As vir <u>jouself werk</u>, voorsien boekhouersverslag / volledige lys van inkomstes en uitgawes. Dui besigheid se belasting in verslag aan, en jou persoonlike belasting bo. Dui jou salaris wat jy vir jouself uit jou besigheid trek, by jou inkomste aan.

HIERDIE BLADSY IS SLEGS INLIGTING - MOET LEES

SLUIT ALLE UITGAWES IN. Hierdie moet 'n **volhoubare begroting** wees, maar **realisties**.

1. **DIENSooreenkomste** (selfone, gym kontrakte, sekuriteit, munisipaliteit, beheerliggaam, ens) is **nie KREDIETooreenkomste.** Slegs **KREDIETooreenkomste** word deur die Kredietwet gereguleer. 'n Diensverskaffer het nie nodig om 'n diensooreenkoms in te sluit , en jy sal moontlik **self** met sekere **munisipaliteite/ beheerliggame (heffings)/skole, ens** moet onderhandel vir 'n ooreenkoms vir terugbetaling, Voorsien ons van die **skriftelike ooreenkoms**, indien reeds in plek. Dit sal deel van jou uitgawes vorm. Ons kan egter eers probeer om dit in te sluit onder skuldberading. Lys in **DEEL 4**.
2. Maak voorsiening in jou **maandelikse uitgawes (begroting)**, om **dienskontrakte** in die toekoms **opdatum** te hou. **JY MOET TOEKOMSTIGE BETALINGS OPDATUM HOU, EN KAN NET JOU AGTERSTALLIGE BEDRAE INSLUIT. Indien jy weer agterstallig raak, sal jou dienste opgeskort word, en 'n beheerliggaam of munisipaliteit kan jou huis verkoop, vir agterstallige heffings.**
3. Met die **VERBRUIKERSWET**, kan jy 'n kontrak wat na **1 April 2011** aangegaan is, **voor die vervaldatum kanselleer, met slegs 20 dae kennisgewing**. **Ons sal meer inligting oor die kansellasie van kontrakte, na ons jou aansoek terugontvang het, voorsien.** Indien 'n selfoon, of ander kontrak opgeskort is, of jy kan dit nie langer bekostig nie, kanselleer dit eerder, en ons sal die kansellasiebedrag onder skuldberading terugbetaal, eerder as wat jy 'n volle kontrak betaal, wat jy in elk geval nie gebruik nie.

UITGAWES MAG NIE NETTO INKOMSTE OORSKREI NIE. DAAR MOET 'N AANVAARBARE BEDRAG OORBLY OM KREDITEURE MEE TE BETAAL. MAAK SEKER JOU BEGROTING EINDIG NIE IN 'N MINUS BEDRAG NIE!

Onder is hoe ons terugbetalings aan jou krediteure uitwerk. *JY KAN ROFWEG OP 50% VAN JOU NORMALE MAANDELIKSE PAAIEMENTE werk,* as minimum betaling, totdat ons jou krediteure-balanse gekry het, om 'n finale aanbod te bepaal. Jy kan self bepaal:

Inkomste: R	Minus Salarisaftrekkings: R	Minus Lewenskoste : R	Bedrag aan Krediteure: R

NB: DEEL 4 : ALLE REKENINGE OPDATUM, OF AGTERSTALLIG

1. **Sluit alle rekeninge in. Jou krediteure gaan nie toelaat dat jy een rekening deur skuldberading betaal, en nie 'n ander nie. Dit is onregverdig dat een krediteur die volle betalings en rente buite skuldberading ontvang, terwyl die ander tevrede moet wees met laer paaiemente, rentekoerse en fooie.**
2. **Sluit SLEGS EEN rekeningstaat van elke rekening in. Moenie meer insluit nie, ons gebruik dit nie. Dit is egter opsioneel as jy korrekte rekeningnommers voorsien.**
3. **Indien jy nie 'n rekeningnommer het nie, skakel die krediteur en gee jou ID vir hulle en hulle sal dit voorsien. As jy werklik nie 'n rekeningnommer kan kry nie, sal ons dit met jou ID nommer in die hande probeer kry. Onbekende krediteure werk meestal op verwysingsnommers, so probeer dit asb voorsien.**
4. **Jou kredietburoverslag sal ook die meeste van jou rekeningnommers en balanse aandui. Indien jou kredietverslag verjaarde rekeninge en afgeskryfte rekeninge aandui, voorsien die inligting steeds.**
5. **Voorsien jou rekeningnommer, en nie jou kaartnommer nie.**
6. **Sluit briewe van prokureurs/ invorderaars in, as nodig - voorsien verwysing, en HAKKIE SAAM met oorspronklike krediteur, en oorspronklike rekeningnommer. Ons gaan eers probeer om die inligting by die krediteur te kry, en die rekening te onttrek van invordering, om regskostes te bespaar.**
7. **As jy enige rekening vir 3 jaar nie betaal het nie, of enige ooreenkoms met die krediteur aangegaan het nie, en daar is nie 'n vonnis verkry nie, het die skuld verjaar en hoef jy dit nie te betaal nie. Dui asb aan watter rekeninge vermoed jy het verjaar, indien van toepassing. Moenie erken jy skuld die geld nie.**
8. **Dui aan indien enige van die rekeninge na 1 Junie 2007 geopen is en dit moontlike roekelose krediet mag wees – waar krediet toegestaan het, terwyl jy dit nie kon bekostig het nie, rente en kostes te hoog, ens.**
9. **Sluit slegs jou eie rekeninge in.**
10. **MOENIE rekeninge wat klaar betaal is insluit nie.**
11. **Jy MOET 'n telefoonnommer en e-posadres van alle kleiner krediteure voorsien, of ons sal dit moet terugverwys na jou. Ons moet die inligting hê om jou krediteure in kennis te stel jy het aansoek gedoen, dat hulle ons van hulle bankbesonderhede en jou rekeninginligting kan voorsien.**

DEEL 4 – SKULDVERPLIGTINGE – ALLE KREDITEURE (LENINGS, KREDIETKAARTE, ENS)

HIERDIE MOET VOLLEDIG WEES, ANDERS KAN ONS NIE KREDITEURE IN KENNIS STEL NIE

Krediteur/ Prokureur/ Invorderaar	Tipe rekening (*)	Uitstaande balans	Normale maandeliks Paaiemente VOORSIEN	Rekeningnommer (nie kaartno) Moet voorsien. Heg 1 rekeningstaat vir elke rekening aan.	Telefoon - NET van alle kleiner, onbekende krediteure	E-pos – NET van alle kleiner, onbekende krediteure.
ONDER IS 'N VOORBEELD HOE JY MOET AANDUI WAAR 'N REKENING AAN 'N PROKUREUR/ INVORDERAAR OORGEGEE IS. HAKKIE ASB SAAM.						
{ 1. Standard Bank oorgegee aan	PL	33 000.00	1 230.00	Standard Bank REKENING nommer	Kontakinligting nie nodig vir groot kred	
{2. Gee & Gee Meer Prokureurs				Prokureur VERWYINGSnommer	VOORSIEN PROKUREUR tel + e-pos	
1.	*					
2.	*					
3.	*					
4.	*					
5.	*					
6.	*					
7.	*					
8.	*					
9.	*					
10.	*					
11.	*					
12.	*					
13.	*					
14.	*					
15.						

*TIPE REKENING:, Clothing Account = CA; Credit Card = CC ; Collectors Debt = CD; Facility Loan = FL; Furniture Account = FA; Home Loan = HL, Legal Debt = LD; Medical Debt = MD; Mobile Account = MA; Overdraft (Cheque) = OD; Retail Debt = RD; Medical debt = MD; Micro Loan = ML; Pension Loan = PenL; Personal Loan = PL; Revolving Credit = RCP; Store Card = SC; Vehicle Finance = VF

DIT IS JOU VERANTWOORDELIKHEID OM ONS VAN AL BOGENOEMDE INLIGTING TE VOORSIEN. ONS GAAN NIE NAMENS JOU RONDSKAKEL OM DIT VOLLEDIG TE PROBEER MAAK NIE. TOT ONS AL DIE INLIGTING HET KAN ONS NIE JOU KREDITEURE IN KENNIS STEL, EN TOT DAN HET JY GEEN BESKERMING NIE.

AANSOEK 9.1

Ons werk net met SKULDBERADINGSENTRUMS van alle groot, bekende krediteure – nie nodig vir kontakinligting.
JY MOET DIE INLIGTING VAN KLEINER, ONBEKENDE KREDITEURE VOORSIEN – TELEFOON EN E-POSADRES

DEEL 4 – SKULDVERPLIGTINGE – ALLE KREDITEURE (LENINGS, KREDIETKAARTE, ENS)

HIERDIE MOET VOLLEDIG WEES, ANDERS KAN ONS NIE KREDITEURE IN KENNIS STEL NIE

Krediteur/ Prokureur/Invorderaar	Tipe rekening (*)	Uitstaande balans	Normale maandeliks Paaiemente VOORSIEN	Rekeningnommer (nie kaartno) Moet voorsien. Heg 1 rekeningstaat vir elke rekening aan.	TELEFOON NOMMER van alle onbekende, kleiner krediteure	E-POS ADRES van alle onbekende, kleiner krediteure.
16	*					
17.	*					
18.	*					
19.	*					
20.	*					
21.	*					
22.	*					
23.	*					
24.	*					
25.	*					
26.	*					
27.	*					
28.	*					
29.	*					
30.	*					

*TIPE REKENING:, Clothing Account = CA; Credit Card = CC ; Collectors Debt = CD; Facility Loan = FL; Furniture Account = FA; Home Loan = HL, Legal Debt = LD; Medical Debt = MD; Mobile Account = MA; Overdraft (Cheque) = OD; Retail Debt = RD; Medical debt = MD; Micro Loan = ML; Pension Loan = PenL; Personal Loan = PL; Revolving Credit = RCP; Store Card = SC; Vehicle Finance = VF

DIT IS JOU VERANTWOORDELIKHEID OM ONS VAN AL BOGENOEMDE INLIGTING TE VOORSIEN. ONS GAAN NIE NAMENS JOU RONDSKAKEL OM DIT VOLLEDIG TE PROBEER MAAK NIE. TOT ONS AL DIE INLIGTING HET KAN ONS NIE JOU KREDITEURE IN KENNIS STEL, EN TOT DAN HET JY GEEN BESKERMING NIE.

DEEL 5 - BATES (Opbetaal of steeds onder huurkoop – huidige waarde) HIERDIE IS OOK OM JOU TE BESKERM DAT DIE BALJU NIE JOU BATES VERKOOP, NADAT JY AANSOEK GEDOEN HET NIE.					
BATE	**Waarde**	**BATE**	**Waarde**	**BATE**	**Waarde**
Aandele		Koffietafel(s)		Studeerkamer meubels	
Beleggings		Kombuiseenheid(e)		Surround sound	
Boot		Kombuistoebehore		Tuimeldroër	
DVD / Videospeler(s)		Kuns / Skilderye		Tuingereedskap/meubels	
Eetkamerstel		M-Net/ DSTV		TV(s)	
Eet-/kombuisware		Mikrogolfoond		TVeenheid/ Muureenheid	
Eiendom(me)		Ornamente		Versamelings	
Elektriese toebehore		Oudhede/Munte		Voertuig(e)	
Elektroniese toerusting/speletjies		Rekenaars/I Pads		Vrieskas	
Fiets(e)		Selfoon(e)		Wasmasjien	
Hoëtroustel(le)/Radios		Sitkamerstel		Woonkamerstel	
Jet ski's		Skottelgoedwasser		Yskas	
Juweliersware		Slaapkamerstelle/Beddens		*	
Karavaan/Sleepwa		Speelgoed		*	
Klere/skoene		Stoof		*	

*Spesifiseer Ander.

DEEL 6 – ALGEMEEN – Moet voltooi word

(6.1 HIERDIE IS NIE 'N TOETS NIE – ANTWOORD NET NA DIE BESTE VAN JOU VERMOë)

6.1 Wat verstaan jy onder rente? _____

_____

6.2 Wat is jou huistaal? _____

6.3 Watter ander tale kan jy lees en verstaan? _____

6.4 In watter taal verkies jy kommunikasie? _____

6.5 Is die proses aan jou verduidelik? _____ (Indien nie, maak seker is dat jy alle inligting by jou skuldberader kry. Omvattende inligting sal voorsien word, nadat ons jou aansoek terug ontvang het.

6.6 Was jy voorheen by 'n ander skuldberader? | **JA** | **NEE** | **Indien JA:**

Naam van skuldberader: _____ __NCR Nommer: NCRDC_____

Firma: _____ E-pos: _____Tel:_____

Rede onttrek: _____

Indien jy by 'n ander skuldberader was, kry 'n F17W vorm, dat vorige skuldberader onttrek het, en voorsien aan ons.

Waar het jy van ons gehoor? Merk asb en dui aan bv watter advertensie, waar, ens.	Debt Counsellors SA Webblad	Facebook – watter blad?	Verwys deur: E-pos: Foon:	
Ander advertensie – Waar?	NCR	Naam van bank/ Krediteur	Ander Internet	Ander – meld asb

TEKEN EN STUUR SAAM MET AANSOEKVORM

DEEL 7 – VERKLARING DEUR DIE VERBRUIKER (lees en maak seker jy verstaan)

TEKEN VORM EN STUUR SAAM MET JOU AANSOEK TERUG

Ek verklaar as volg:

1. Ek is nie instaat om my finansiële verpligtinge na te kom nie, en is daarom skuld-oorlaai (over-indebted).
2. Ek onderneem om aan alle redelike versoeke van my Skuldberader te voldoen, en hom/ haar my volle samewerking te gee, om my skuld, en die vooruitsig van verantwoordelike skuldhersiening te bepaal.
3. Ek gee toestemming dat die Skuldberader my kredietrekord vanaf enige geregistreerde kredietburo mag bekom, asook van enige ander bron wat my kredietinligting bevat.
4. Ek stem in dat my Skuldberader my inligting aan alle geregistreerde kredietburo's mag bekend maak. Hierdie inligting word verwyder, wanneer ek my skuld onder skuldberading afbetaal het, en my skuldberader 'n uitklaringssertifikaat (clearance) uitgereik het.
5. Ek onderneem om geen verdere kredietooreenkomste aan te gaan, behalwe 'n ooreenkoms tot skuldkonsolidasie, totdat een van die volgende gebeur:
   (a) Die Skuldberader my aansoek afwys;
   (b) Die hof bepaal dat ek nie skuldbelaaid is nie;
   (c) Al my verpligtinge onder skuldhersiening nagekom is.
6. Skuldberadingsfooie, regskostes en verdelingsagentskap (PDA) fooie is van toepassing, soos voorgeskryf in die "Fooistruktuur", wat aan my voorsien is, en ook beskikbaar is by www.ncr.org.za. Ek verstaan dat 'n skuldberader slegs hierdie fooie mag ontvang, ek weet wat die fooie behels en aanvaar dit. Fooie kan verander deur die loop van die proses, soos voorgeskryf deur die Nasionale Kredietreguleerder (NCR).
7. Ek bevestig dat die krediteure, soos verklaar in Deel 4 van die aansoek, al my krediteure is, en besef dat een krediteur nie bo 'n ander bevoordeel mag word, onder skuldberading nie. Ek verstaan die proses moet regverdig en deursigtig wees.
8. **Ek besef dat my verantwoordelikheid nie met hierdie aansoek eindig nie**. Ek besef dit is 'n 'n voorgeskrewe proses en ek sal alles wat redelik van my vereis word doen, om die proses te laat slaag
9. Ek verstaan ek kan nie onder skuldberading wees, sonder 'n skuldberader nie.
10. Ek verstaan dat ek van die skuldberadingsproses kan onttrek, voordat my skuldberader my krediteure in kennis gestel het dat ek skuld-oorlaaid bevind is (voor F17.2 aan krediteure gestuur word); of wanneer ek my rekeninge opdatum kan bring, en my betalings self weer kan oorneem, deur my hofbevel tersyde te laat stel, waar die hof bevind is ek is nie meer skuldbelaaid nie; of waar ek al my rekeninge onder skuldberading kan aflos of opbetaal, en my skuldberader 'n Opheffingsertifikaat (Clearance Certificate) sal uitreik.
11. Indien ek nie betalings maak, of 'n krediteur vind dat my versekering nie opdatum is nie, het die krediteur die reg om my rekeninge onmiddellik te termineer en voort te gaan met regsaksies.
12. Die skuldhersieningsproses is aan my verduidelik en ek verstaan dit.
13. Ek bevestig dat die inligting in hierdie dokument na die beste van my vermoë waar en korrek is, en dat hierdie die enigste inkomste is wat ek ontvang, en dat hierdie aansoek al my rekeninge insluit.

MOENIE ENIGE IETS TEKEN WAAROOR JY NIE SEKER IS NIE.
AS ONSEKER OOR ENIGE IETS, VRA EERS JOU SKULDBERADER.

HANDTEKENING: _____ **_____**

DEEL 8 – MOTIVERING Voorsien 'n kort opsomming van geldige redes wat jou skuldsituasie veroorsaak het (verpligtend om aan krediteure en landdros te motiveer), ook enige moontlikheid van verhoging in betalings in die nabye toekoms, bv salarisverhoging, bevordering, ens.

Gebruik relevante inligting **- datums, tydperke**, en enige ander inligting wat ons as motivering kan gebruik – bv ek het in Julie 2013 my werk verloor en was 3 maande werkloos. Moet asseblief nie net een sinnetjie skryf, soos "Die lewe is duur" of "Ek kan nie meer my skuld betaal nie". Ons motivering aan die krediteure en hof dra baie by tot die aanvaarding van jou nuwe aanbod.

Rede vir my/ ons skuldsituasie:

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

……

DUI AAN: *Jy kan baie maklik 'n* ***gratis*** *verslag trek deur na www.debtcounsellorssa.com te gaan. Gaan na die tab CREDIT BUREAU en dan is daar 'n "link" na Experien of ITC. Voltooi jou inligting, en jy sal binne 'n paar uur jou verslag kry.*

Ek sal my eie, gratis kredietverslag voorsien/ Vind aangeheg my gratis kredietverslag	**Trek my kredietverslag namens my teen R20 per verslag (R40 vir 2 persone), wat ek saam met my registrasiefooi (R50) betaal**

PARAFEER AAN DIE ONDERKANT VAN ELKE BLADSY - EN TEKEN VOLUIT HIER
MAAK SEKER ALLE INLIGTING BO IS VOLTOOI EN DOKUMENTE OP BL 1 VOORSIEN

GETEKEN TE……OP…… 20……

_____	**_____**
HANDTEKENING EERSTE APPLIKANT	**HANDTEKENING TWEEDE APPLIKANT/EGGENOOT**
_____	**_____**
VOLLE NAME EERSTE APPLIKAANT	**VOLLE NAME TWEEDE APPLIKANT/EGGENOOT**
_____	**_____**
ID NOMMER EERSTE APPLIKANT	**ID NOMMER TWEEDE APPLIKANT / EGGENOOT**

TEKEN EN STUUR SAAM MET AANSOEKVORM

FOOIE EN BETALINGS

Jy gaan maandeliks een, gekonsolideerde betaling aan die Verdelingsagentskap (Payment Distribution Agency = PDA) van die Nasionale Kredietreguleerder (NCR) betaal – wat dit na jou verskillende rekeninge sal versprei. Die volledige fooistruktuur is ook beskikbaar op www.ncr.org.za.

Skuldberadingsfooie

1. Alle s**kuldberadingsfooie** is deur die **Nasionale Kredietreguleerder voorgeskryf** en **skuldberaders mag nie meer as hierdie fooie ontvang nie**. Sake, soos roekelose krediet, hulp met opheffing van salarisbeslagleggings, ens, vorm nie deel van die skuldberader se fooie nie.
2. 'n **R50 registrasiefooi** moet jou aansoek vergesel (dit is al wat jy nou betaal). ***Praat met ons as jy dit nie voor die einde van die maand kan betaal nie.*** *Sien fooie rakende kredietverslae.*
3. Jou nuwe paaiemente word uitgewerk volgens wat jy kan **bekostig**. Kortliks: Inkomste minus salarisaftrekkings, minus maandelikse lewenskostes = wat oor is, is wat jy kan bekostig vir jou skuld.
   - Krediteure laat skuldberaders toe om die **eerste** van die **laer** paaiemente **aan die krediteure**, as fooi te neem.
   - As jy kan bekostig om **R1 000** te betaal, mag die skuldberader die eerste **R1 000** neem.
   - Die maksimum fooi is R6 000. As jy maandeliks R20 000 gaan terugbetaal, mag die skuldberader R6 000, in maand een, as fooi neem. Die res word na die Payment Distribution Agency (PDA) betaal, vir verdeling.
   - Die fooi is **EENMALIG** en mag net in die eerste maand geneem word.
   - Jy sal dus nie jou krediteure, en jou skuldberader addisioneel betaal, in maand een nie.
4. 'n 5% maandelikse nasorgfooi is betaalbaar vir 24 maande, daarna 3%, tot 'n maksimum van R400. Dit word van jou betalings aan die PDA verhaal. Indien jy R1 000 per maand betaal, gaan die nasorgfooi R50 wees. Dit sluit alle dienste deur die skuldberader in die toekoms in, asook jaarlikse hersiening van jou aansoek.
5. 'n Verwerpingsfooi van R300 is betaalbaar, as jy nie skuldbelaaid (over-indebted) bevind word nie (onwaarskynlik).
6. Indien 'n skuldberader tot by die proposal stadium kom en 'n kliënt nie voortgaan is die skuldberader op 75% van die fooi geregtig.

Regsfooie

1. Alle nuwe ooreenkomste (consents), moet 'n bevel van die hof gemaak word, soos voorgeskryf deur die Kredietwet. Wanneer dit nie geopponeer word nie, is dit 'n makliker proses, as waar krediteure nie die aanbod wou aanvaar, en dit in die hof verdedig moet word. Die fooi word bereken, afhangend van die hoeveelheid krediteure wat die aanbod teenstaan. 'n Addisionele fooi sal gehef word, as die saak uitgestel word. Fooie mag verskil tussen verskillende jurisdiksies.
2. Jy sal verantwoordelik wees vir addisionele regskostes, soos roekelose krediet, reiskostes, ophef van vonisse (bv salarisbeslagleggings), of dringende ingryping, sou dit nodig wees.
3. Jy moet so gou moontlik aansoek doen, om regsaksies te verhoed, en nooit betalings oorslaan, wanneer onder skuldberading. Krediteure dagvaar deesdae uit die Hooggeregshof, en dan het jy 'n advokaat nodig om jou te verdedig, wat tot R6 000 + per dag kan vra.
4. Regsfooi mag net in maand 1 (as genoeg geld vir DC en regsfooi) en/ of maand 2 verhaal word.
5. Ons sal vir eers net 'n Tribunaalfooi van R100 + R750 vir die verkryging van 'n "consent order" verhaal.
6. Ons gebruik DCASA (Debt Counsellors Association of SA) se fooistruktuur, aanvaar deur die NCR.

PDA (Payment Distribution Agency) Fooie

1. Die PDA hef 'n 3% fooi, volgens die bedrag wat verdeel word, met 'n minimum van R50 en 'n maksimum van R500.
2. Probeer om maandeliks slegs een betaling te maak, selfs al word jy weekliks betaal. Fooie word outomaties by elke distribusie gevoeg.

Die NCR kan fooie gedurende die loop van jou skuldberading verhoog of verander.

HANDTEKENING: _____ _____

TEKEN EN STUUR SAAM MET AANSOEKVORM

BANKBESONDERHEDE : DebtCounsellorsSA.com

Bank	Standard Bank
Rekeningnommer	J Grobler T/A DebtCounsellorsSA
Rekeningnommer	42-080-956-2
Bankkode	051001
Tipe rekening	Tjek

1. FOOIE NOU BETAALBAAR

- **R50 Aansoekfooi – Ons sal hierdie afskryf en jou aansoek GRATIS evalueer.**
- **R20 vir 'n Compuscan kredietverslag vir 'n enkel aansoek**
- **R40 vir 'n Compuscan kredietverslag vir 'n gesamentlike aansoek**
- 'n Kredietburoverslag is verpligtend. Jy kan jou eie, **gratis** kredietburoverslag trek by www.debtcounsellorssa.com, en saam met jou aansoek vir ons stuur, waar die kredietverslagfooi dan nie van toepassing sal wees nie.

2. KONTANTBETALINGS

- Indien jy 'n kontantbetaling by 'n bankteller, binne Standard Bank doen, voeg asseblief 'n ekstra **R15.00** by bogenoemde fooie vir kontantbetalingsfooie wat die bank hef.
- Geen kostes word gehef indien jy 'n EFT (internet) oorplasing doen, of 'n ATM inbetaling, nie. Vra jou bank om jou te help om 'n EFT betaling te doen, indien jy nie internet-toegang het nie.

- Gebruik jou **VAN EN VOORLETTERS AS VERWYSING**.
- Faks bewys van betaling, saam met jou aansoekvorm. Indien jy 'n probleem het om nou te betaal, praat met ons.

3. SCAN EN STUUR VAN DOKUMENTE

- Wanneer jy dokumente **scan** om te stuur, maak asseblief seker van die **grootte**. Daar sal 'n stelling op jou scan program wees (gewoonlik Options), waar jy dan A4 en nie meer as 300 dpi moet kies. As dit te groot scan, wil dit nie aflaai nie.
- **VOORDAT JY 'N E-POS MET AANHANGSELS STUUR, maak dit eers oop,** en maak seker dat dit korrek gescan het, en ook dat al die aanhangsels aangeheg is.
- Moet asseblief NIE DIESELFDE INLIGTING OOR EN OOR STUUR. Skakel of e-pos ons, nadat jy dit gestuur het, dat ons vir jou kan kyk of alles deurgekom het.

Faks jou volledige aansoek na 08666 31 831 of
e-pos na info@debtcounsellorssa.com

Skakel of e-pos ons dan, om seker te maak ons het jou aansoek ontvang

Meer inligting, oor wat jy van die skuldberadingsproses kan verwag, en wat van jou verwag word, asook 'n Bevestigingsbrief, sal voorsien word, sodra ons jou aansoekvorm ontvang. Ons moet binne vyf (5) werksdae, nadat ons jou aansoek ontvang het, jou krediteure in kennis te stel dat jy aansoek gedoen het.